# KOMATIPOORT AKADEMIE

Tel :(013) 793 7304
Faks:(013) 793 7004
Posbus 15
Komatipoort
1340
E-pos: admin1@komakademie.co.za

## KOMATIPOORT AKADEMIE TENNISBELEID

1. **Oefentye**
   Laerskool: 1ste kwartaal
   Hoërskool: 2de en 3de kwartaal

2. **Liga**
   Ligabepalings word deur die sekretaresse van die Tenniskomitee gedoen en aan die skole deurgegee.
   'n Skoolspan bestaan uit vier seuns/vier dogters.
   Affiliasiegelde word jaarliks per span betaal.
   Laerskool speel wedstryde op Woensdae, Hoërskool op Vrydae.
   Wedstryde begin om 14:00.
   Enkels en Dubbels word gespeel: H/S speel 9 spelle (behalwe vir die nr 1-enkels, wat 10 spelle speel).
   Laerskool speel 8 spelle( behalwe vir die no 1-enkels, wat 9 spelle speel)
   Skole teen wie ons speel:
   L/S: Laerskool Nelspruit, Bergland, Primary, Witrivier, Penryn, Laeveld
   H/S: Rob Ferreira, Curro, Bergvlam, Lydenburg, H/S Nelspruit, Uplands, Penryn

3. **Daagreëls**
   As 'n speler sy posisie op die skool se ranglys wil verbeter, moet hy/sy spelers wat hoër as hy/sy is, daag.
   Spelers kan slegs een posisie hoër as sy/haar posisie daag.
   Dieselfde uitdager mag dieselfde gedaagde nie meer as twee keer daag nie.

4. **Tennisdrag**
   Seuns: Blou kortbroek, Koningsblou Komati gholf hemp, tekkies en wit sokkies.
   Dogters: Blou netbalrokke/netbalrompe met Koningsblou atletiek hempie, tekkies en wit sokkies.

5. **Noodhulp**
   Tennis is nie 'n kontaksport nie, dus word noodhulp nie benodig nie.

6. **Aanwys van kapteine**
   Die nr 1-speler van elke span is die kaptein.

7. **Dissiplinêre maatreëls**
   Goeie sportmangees word ten alle tye gehandhaaf. Indien nodig, sal onderwyser in beheer volgens die skool se dissiplinêre stelsel optree.

8. **Vervoer**
   Spelers ry met skoolbussie na weg-wedstryde.

9. **Toekennings/Prysuitdeling**
   Trofeë vir:
   Beste Tennisspeler Junior Seun
   Beste Tennisspeler Junior Dogter
   Beste Tennisspeler Senior Seun
   Beste Tennisspeler Senior Dogter
   Die beste tennisspeler is die huidige no 1-speler.

10. **Tenniskomitee**
    Algemene Jaarvergadering word jaarliks gehou, waarby 'n nuwe komitee gekies word.